

Vrydag 3 Mei

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-23

**Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4, 5
(1953-vertaling)**

In Christus ewig bestem om God se kinders te wees

God is liefde. Op sommige plekke langs die snelweë staan dit op borde geskryf. 'n Vasstaande feit. Op meerdere plekke in die Bybel word dit bevestig dat dit so is. God is liefde. 'n Kragtige belydenis.

So gereeld word hierdie belydenis misbruik. Die ongelowiges kom met hulle aanvalle. As God liefde is, hoekom is daar dan soveel siekte en swaarkry op die aarde? Hoekom is daar aardbewings en verskriklike vloede? 'n God van liefde sal dit tog nie toelaat nie. Hulle gevolgtrekking? God bestaan nie.

Dan word daar egter onreg gedoen aan wat die liefde van God waarlik is. Hierdie liefde word klinkklaar in Efesiërs 1 beskryf. Paulus beskryf hier die diepte van die Here se liefde vir ons. Dit is dat ons in Christus vir ewig bestem is om God se kinders te wees. Dit het God reeds lank tevore so beskik. In Christus het God ons uitverkies nog voor die grondlegging van die wêreld. Nog voordat ons bestaan het, het die Here dit al so beplan dat ons sy kinders sal wees.

God hoef dit nie te gedoen het nie. Ná die sondeval verdien al ons mense die dood. God is ook nie onregverdig omdat Hy almal op die aarde nie die ewige lewe gee nie. Nee, ons almal verdien die ewige dood deur die sonde. Deur die genade van God laat Hy ons nie aan ons lot oor nie, maar red Hy ons daarvan. Sy liefde is duidelik sigbaar in sy genade.

Deur Jesus Christus het God hierdie verlossing vir ons gebring. Uit liefde vir ons het Hy sy Seun na die aarde gestuur. Vrywillig het Hy Homself aan die kruis opgeoffer om ons vry te koop van die dood. Ons Here Jesus Christus was Godverlate, sodat ons nooit Godverlate hoef te wees nie. Hy het die dood oorwin, Hy het vir ons sondes betaal. Deur Hom is die pad na die Here toe vir ons oop. Dit is die liefde van God vir ons.

In dié lig leef ons vandag. As uitverkore kinders van die Here. Aangeneem deur Jesus Christus. Met hierdie sekerheid in ons harte gaan ons elke dag tegemoet. Dit is in ons harte verseël deur die werk van die Heilige Gees. Die wêreld verstaan nie die liefde van God nie. Deur ongeloof is hulle blind daarvoor. Deur die geloof staan ons verwonderd daaroor. Besef ons hoe groot die liefde van God werklik is? Te groot vir ons beperkte menslike verstand om heeltemal te verstaan, maar in die volheid daarvan mag ons elke dag leef. Ons deel in die erfdeel van die Here, vir nou en tot in ewigheid.

Sing: Skrifberyming 10:1, 2

Ds. GP Meijer (Gerben) (Vryburg/Schweizer-Reneke)